VOORWOORD

Die Noordelike Sinode het elke vier jaar die geleentheid om as familie bymekaar te wees. Hierdie familie bestaan tans uit 119 gemeentes en word deur ongeveer 200 predikante bedien. Dit is reeds die een-en-twintigste keer wat die familie so saam kuier. Die laaste vyf keer was by Weesgerus en daarom voel Weesgerus al amper soos "huis".

Hierdie jaar se saamwees kom te midde van baie verdeeldheid en onsekerheid in die kerk en in die samelewing. Mag ons daarom gedurende die vyf dae wat ons saam is, moeite doen, om ons familie-wees te vier, om ou verhoudings te verstewig en nuwes te vestig, om in liefde van mekaar te verskil, om mekaar se bona fides te aanvaar, om met integriteit aan gesprekke deel te neem, om dit wat krap uit te praat en om saam nuwe treë te gee.

Om ons daarmee te help, het die SDR besluit, dat die goue draad wat ons gesprekke en besluite moet rig, die tema, HOOP, is. Die daaglikse wydingsgeleenthede en die nagmaal word so ingerig dat die tema ons harte en ons verstand sal aanraak. Verder gaan ons in die loop van die week elke dag herinner word aan 'n volgende deel van die kerkjaar. Die kerkjaar help ons om te onthou dat God se ritme anders is as die wêreld se ritme. God loop te midde van politieke, ekonomiese, sosiale en kerklike woelinge, 'n unieke pad met ons.

Die skema van werksaamhede is so opgestel dat ons genoeg tyd het om te praat, nie noodwendig om mekaar te oortuig nie, maar om vir mekaar ruimte te maak en saam te groei. Daar is egter ook genoeg tyd om tydens informele gesprekke in die swembad en rondom die vuur, die dialoog van die dag te kan internaliseer. Daar is verder ruim tyd om te rus, alleen te wees, fisies aktief te wees en sommer net te ontspan.

Miskien is Moses se versugting in Eksodus 33 v 15, tog ook in hierdie dae betekenisvol:

"As U nie self saamgaan nie, moet ons nie van hier af laat wegtrek nie".

Aan God al die eer!

Paul Grobler
Direkteur